11 Mei 2023

Naskoolsentrum Inligting

NASKOOL BEGIN 14:00 - 17:00

GRAAD R	
13:00	Gr. R-leerders verdaag.
13:15	Indien die leerders nie teen 13:15 gehaal is nie, sal hulle by hul onderskeie juffrouens bly tot 14:00.
14:00	Alle Gr. R-leerders wat dan nog teenwoordig is, beweeg teen 14:00 na die Grondslagfase se speelgrond, vir naskool. Ouers kan hul dan daar kom afhaal. Indien leerders wel na 14:00 afgehaal word, word die dagfooi op die skoolfondsrekening gehef.
GRONDSLAGFASE (GR. 1-3)	
13:00	Grondslagfase verdaag. Alle leerders beweeg direk na die onderskeie hekke en wag saam met hul onderwysers tot 13:15.
13:15	Indien die leerders nie teen 13:15 gehaal is nie, sal hulle na die wagklasse beweeg by die Grondslagfase speelgrond.
13:15 - 14:00	Wagklas is by die Grondslagfase se speelgrond en in die Grondslagfase se klasse, onder toesig van die onderwyser.
14:00 - 17:00	Naskool begin vir die Grondslagfase. Leerders wat nie by naskool is nie, gaan direk na die wagarea tot 15:00. Baie belangrik: **GEEN** personeel sal hier op diens wees nie. Sien tabel hieronder met verduideliking waar wagarea is.
17:00	Naskool verdaag. Alle naskoolleerders word na die hoofhek geneem waar hul ouers hulle afhaal.

SENIOR FASE (Gr 4-7)	
13:50	Senior Fase verdaag.
14:00 - 17:00	Naskool begin vir die Senior Fase in Kamer 5.
17:00	Naskool verdaag. Alle naskoolleerders word na die hoofhek geneem waar hul ouers hulle afhaal.

WAGAREA (14:00 - 15:00 - Langs die akkerboom by die hoofhek)	
14:00 - 15:00	Alle leerders wat nie teen 14:00 gehaal kan word nie, word na die wagarea geneem. Baie belangrik: **GEEN** personeel sal hier op diens wees nie. Indien dit reën sal die wagarea leerders direk na die saal beweeg tot 14:15. Alle leerders wat nie teen 14:15 by die saal gehaal is nie, beweeg na die Grondslagfase stoepe voor K30, K31 en K32 tot 15:00. Ouers kan hul daar kom afhaal.
15:00	Enige leerder wat teen 15:00 nog nie afgehaal is by die wagarea nie, **sal na die naskool geneem word**. Geen leerders mag in die wagarea wees na 15:00 nie. 'n Dagfooi sal gehef word vir leerders wat dan by die naskool aansluit. Die skoolfondsrekening sal gehef word vir die diens.

REËLINGS VIR REËNDAE (Reëlings vir reëndae vir Senior Fase en leerders by die wagarea)	
13:50 - 14:15	Senior Fase se leerders beweeg na die saal sodra die skool verdaag. Wagarea leerders beweeg ook na die saal. Ouers het tyd tot 14:15 om hul kinders by die saal te kom afhaal.
14:15 - 15:00	Alle leerders wat nie teen 14:15 by die saal gehaal is nie, beweeg na die Grondslagfase stoepe voor K30, K31 en K32 tot 15:00. Ouers kan hul daar kom afhaal.

BETALINGS
Naskoolfooie: • Maandeliks: R950 per maand (Inskrywingsvorm beskikbaar by die Finansiële kantoor). • Dagfooi: R100 per dag vir die wat nie ingeskryf is nie.

Louwtjiegroete.

MNR. MARTIN BENSCH
LLG HOOF

H/v 7de Straat & 3de Laan, Linden 2195 | Posbus 44045, Linden, 2104, Johannesburg.
Telefoon (011) 782 5442 | **E-pos (hoof)** hoof@llg.co.za **| E-pos (leerder aangeleenthede)** pos@llg.co.za
www.llg.co.za